

# VEILIGHEIDSTUDIE BY AFRIKAANSE SKOLE

Marlien van der Westhuizen  
SKOLEONDERSTEUNINGSENTRUM

# Inhoud

Inleiding.....	3
Doel van navorsing.....	3
Metodiek.....	3
Bevindinge.....	3
Veiligheidsmaatreëls by skole.....	3
Veiligheidsbeleide.....	3
Kommunikasie met ouers.....	4
Ontruimingsoefeninge.....	5
Toegang tot die skool.....	5
Veiligheidstelsels by die skool.....	6
Gevalle van misdaad by skole.....	7
Voel onderwysers veilig by die skool?.....	8
Is die leerders veilig by die skool?.....	8
Veiligheid by laerskole teenoor hoërskole.....	9
Die koste van veiligheid by skole.....	10
Eenmalige koste.....	10
Maandelikse koste.....	10
Gevolgtrekkings.....	10
Aanbevelings.....	11

## Grafieke

Grafiek 1 Hantering van krisis in die klaskamer .....	4
Grafiek 2 Hantering van kommunikasie met ouers .....	4
Grafiek 3: Gereeldheid van ontruimingsoefeninge .....	5
Grafiek 4 Toegang tot die skool .....	6
Grafiek 5 Soort veiligheidstelsels by die skool.....	7
Grafiek 6 Persentasie misdadvoorvalle by hoër- en laerskole.....	7
Grafiek 7 Voorbeelde van misdade by skole.....	8
Grafiek 8 Veiligheid van onderwysers by skole .....	8
Grafiek 9 Die veiligheid van leerders by die skool .....	9
Grafiek 10 Veiligheid van onderwysers en leerders by die skool (hoër- teenoor laerskool).....	9
Grafiek 11 Eenmalige koste van veiligheidstelsels .....	10

## Inleiding

Veiligheid in skole is 'n baie aktuele onderwerp. Verskeie gevalle van onluste en optogte het skole in die land die afgelope tyd geraak. In baie gevalle was die skole die teiken van die oproerigheid, en was vinnige reaksie nodig om die leerders en onderwysers se veiligheid te verseker. Verder is daar meer dikwels gevalle waar skole beroof word, soms met die gebruik van wapens.

## Doel van navorsing

Hierdie studie het ten doel om te bepaal hoe veilig Afrikaanse skole is en hoe gereeld daar inbreuk gemaak word op die gemoedsrus van onderwysers.

## Metodiek

Aanlyn vraelyste is uitgestuur na skole op die Skoleondersteuningsentrum (SOS) se databasis en 633 antwoordstukke is terug ontvang. Die vrae is hoofsaaklik meerkeusevrae met geleentheid vir bykomende inligting. In sommige gevalle is breedvoerige verduidelikings ontvang van die sekuriteitsituasie by die onderskeie skole wat kwalitatief ontleed word. Die vraelyste is beantwoord deur 295 laerskole en 333 hoërskole.


## Bevindinge

### Veiligheidsmaatreëls by skole

#### Veiligheidsbeleide

Die navorsing het begin deur onderwysers te vra wat hulle eerste stap sal wees indien daar 'n protesaksie, inbraak of brand by hulle skool is. 75% van die respondente het aangedui dat hulle skool oor 'n beleid beskik wat duidelik uiteengesit is en hulle aksies sal bepaal.


Die doel van die vraag was om vas te stel hoe vertrouwd onderwysers is met hulle skool se beleide ten opsigte van 'n krisissituasie. Slegs 2% het aangedui dat hulle nie sal weet wat om te doen nie. Nog 19% het aangedui dat hulle die situasie sal assesseer voordat hulle besluit wat om te doen.



Grafiek 1 Hantering van krisisse in die klaskamer

### Kommunikasie met ouers


Die tweede vraag het gehandel oor die skool se kommunikasiestelsel met ouers en voogde. Onderwysers is gevra of die skool maklik leerders se ouers kan kontak in geval van 'n krisis. Volgens 86% van die onderwysers beskik hulle skool oor 'n stelsel wat goed werk. 11% is van mening dat die administratiewe dames in die kantoor 'n plan sal maak om ouers te kontak. 2% het aangedui dat hulle nie weet hoe die ouers gekontak sal word nie en 1% meen die skool beskik nie oor al die ouers se kontakbesonderhede nie.



Grafiek 2 Hantering van kommunikasie met ouers

## Ontruimingsoefeninge


Die onderwysers is gevra hoe gereeld hulle ontruimingsoefeninge doen. Uit die studie blyk dit dat dit nie ewe doeltreffend in alle skole toegepas word nie. 28% van die onderwysers het aangedui hulle doen baie gereeld ontruimingsoefeninge by hulle skool, 52% van die onderwysers het aangedui hulle het al by hulle skool ontruimingsoefeninge gedoen. 10% van die onderwysers kan nie onthou dat hulle al ontruiming geoefen het nie en 10% van die onderwysers het nog nooit by hulle skool ontruimingsoefeninge gedoen nie.



Grafiek 3: Gereeldheid van ontruimingsoefeninge

## Toegang tot die skool

Om toegang tot skole te beheer is 'n kardinale deel van die skool se veiligheid wat deur baie skole afgeskeep word. Die algemeenste vorm van toegangsbeheer is 'n intekenboek of interkomstelsel (67%), gevolg deur 'n hek wat binne sig van die kantoor is (22%), en by die oorblywende 11% van gevalle is die hek oop en kan enigiemand inkom by die skool.




Grafiek 4 Toegang tot die skool

### Veiligheidstelsels by die skool

Vanuit die data is dit duidelik dat Afrikaanse skole veiligheid baie ernstig opneem en 'n wye verskeidenheid veiligheidstelsels implementeer. Daar is eerstens gekyk na standaard veiligheidstelsels soos terreinplanne, noodversamelpunte, beskikbaarheid van noodnommers en noodhulpbeamptes.

Byna al die respondente (92%) het aangedui dat hulle skool oor 'n terreinplan beskik en 90% van die respondente het aangedui dat hulle skool 'n noodversamelpunt het. Volgens 80% van die respondente het hulle skool 'n lys van noodnommers en 72% van die respondente werk by skole waar daar noodhulpbeamptes is.


Byna al die respondente het aangedui dat hulle skool oor 'n alarmstelsel beskik en volgens 43% maak hulle skool gebruik van 'n privaat sekuriteitsfirma om die skool te bewaak. Tot 60% van die respondente het aangedui dat hulle 'n voltydse wag op die perseel het.



Grafiek 5 Soort veiligheidstelsels by die skool

### Gevalle van misdaad by skole

Misdaad is 'n algemene verskynsel, en 91% van die respondente het aangedui dat hulle skool al slagoffers was van misdaad. Misdaad deur laerskoolonderwysers aangemeld was 'n klein bietjie laer op 89%, terwyl 92% hoërskoolonderwysers aangedui het dat hulle skool al deur misdaad geraak is.



Grafiek 6 Persentasie misdaadvoorvalle by hoër- en laerskole

Die algemeenste misdaad is inbrake, wat deur 87% van respondente gemeld is, gevolg deur ongemagtigde toegang tot die perseel deur lede van die publiek, wat deur 60% van respondente gemeld is. Volgens 41% van die respondente is daar al dwelms by leerders gevind en 23% van die respondente sê hulle skool is al deur optogte of protesaksies geraak. Sleg 5% van die respondente was bewus van ontvoerings in hulle skool.






Grafiek 7 Voorbeelde van misdade by skole

### Voel onderwysers veilig by die skool?


Die onderwysers is gevra of hulle dink hulle is veilig by die skool. Ongeveer twee derdes van die respondente (67%) het aangedui dat hulle glo hulle is veilig, terwyl die res nie oortuig was nie. 26% meen dat hulle soms veilig voel weens die veiligheidsmaatreëls wat getref is. Nog 2% voel onveilig omdat daar reeds te veel gevalle van misdaad was en 3% meen hulle skool is baie onveilig. Die oorblywende 2% is onseker.



Grafiek 8 Veiligheid van onderwysers by skole

### Is die leerders veilig by die skool?


Die respondente is ook gevra om aan te dui hoe hulle die veiligheid van leerders sien. 65% het aangedui dat leerders veilig is, maar 29% reken dat leerders slegs soms veilig is. Daar is 3% van respondente wat onseker is, met die oorblywende 4% wat reken die skool is onveilig.



Grafiek 9 Die veiligheid van leerders by die skool

### Veiligheid by laerskole teenoor hoërskole

Interessant genoeg is daar groter gemoedsrus by onderwysers wat by laerskole werk oor die veiligheid van hulleself sowel as die leerders. Ongeveer 68% van die onderwysers wat by laerskole werk, voel dat hulle definitief veilig is by die skool waar hulle werk, teenoor byna 62% van die onderwysers wat by hoërskole werk. Daarby glo 74% van die onderwysers by laerskole dat die leerders definitief veilig is, teenoor slegs 61% by hoërskole. Verder dink 5% van die onderwysers dat hoërskole baie onveilig is.




Grafiek 10 Veiligheid van onderwysers en leerders by die skool (hoër- teenoor laerskool)

## Die koste van veiligheid by skole

In 'n opvolgstudie is daar na die veiligheidstelsels by 109 skole gekyk om te bepaal wat die finansiële impak van veiligheid by skole is. Die skole is gevra om inligting te verskaf oor die aanvanklike koste van veiligheidstelsels en ook wat die maandelikse koste is om dit te onderhou.

### Enmalige koste

Die skole bestee gemiddeld R423 557 aan die installasie van hulle veiligheidstelsels. Dit wissel van ongeveer R50 000 tot meer as R1 miljoen by party skole.



Grafiek 11 Enmalige koste van veiligheidstelsels

### Maandelikse koste

Skole se maandelikse rekening vir veiligheid beloop gemiddeld R6 451 per maand, met party skole wat tot R13 000 per maand afstaan aan instandhouding van basiese veiligheidstelsels. Skole wat sekuriteitswagte in diens het, betaal soms tot R48 000 per maand om die veiligheid van hulle skool te verseker.

### Gevolgtrekkings

- Dit wil voorkom of meeste Afrikaanse skole 'n duidelike en gevestigde veiligheidsbeleid en ontruimingsplan in plek het vir noodgevallen, en dat voldoende kanale vir kommunikasie met ouers in geval van nood, bestaan.
- Die algemene gebrek aan behoorlike toegangsbeheer by skole is kommerwekkend. Hoewel skole saamstem oor die belangrike rol van beheer oor wie toegang tot hul skool verkry, staan die hek by een uit elke tien skole eenvoudig oop en kan enigiemand die skool betree.

In 20% van gevalle is die skool se hek binne sig van die kantoor, en is ontvangspersoneel verantwoordelik om te kyk wie hulle by die skool se hek inlaat.

- Dit is duidelik dat Afrikaanse skole veiligheid baie ernstig opneem en 'n verskeidenheid veiligheidsmaatreëls geïmplementeer het, wat 'n voltydse wag op die perseel, kameras, 'n alarmstelsel en gebruik van privaat sekuriteitsmaatskappye insluit. Skole steun min op die polisie, omdat die polisie nie altyd voertuie of mannekrag beskikbaar het om skole in geval van nood, onmiddellik by te staan nie.
- Skole betaal self vir alle sekuriteitsmaatreëls en spandeer aanvanklik eenmalige bedrae van tussen R50 000 en R1 miljoen om hierdie veiligheidsmaatreëls te implementeer. Daarna spandeer skole maandeliks tussen R13 000 en R48 000 om die veiligheid van leerders en eiendom te verseker. Hierdie astronomiese bedrae veroorsaak dikwels dat skole se skoolfonds die hoogte inskiet, omdat die staat nie hiervoor betaal nie. Die gevolg is dat ouers dubbeld betaal vir hul gesin se veiligheid, aangesien belastinggeld wat aan die Suid-Afrikaanse Polisie bestee word, duidelik nie voldoende is om skole veilig te hou nie.
- Ten spyte van peper-duur veiligheidsmaatreëls, blyk dit dat skole dikwels steeds teikens is van misdaad wat wissel van inbrake, besit van dwelms en protesaksies. Voorvalle van misdaad veroorsaak dat minstens 'n derde van onderwysers onveilig voel by die skool.
- Onderwysers by laerskole voel veiliger as by hoërskole. Laerskool leerders is volgens onderwysers ook meer veilig en minder aan misdaad blootgestel as leerders by hoërskole.

#### Aanbevelings

1. Skole moet onderskeid tref tussen die verskillende vorme van ontruiming. In geval van brande moet leerders na buite ontruim word, maar in geval van onluste moet hulle na binne ontruim. Ontruimingsplanne moet gereeld geoefen word. Daar moet ook geskikte planne wees om die leerders konstruktief besig en kalm te hou, totdat hulle van die perseel ontruim kan word.
2. Skole moet gereeld met ouers kommunikeer oor hulle veiligheidsprosedures sodat ouers ingelig is. In geval van nood moet ouers nie die toegangsroetes tot die skool belemmer nie en moet ontruiming ordelik plaasvind.
3. Dit is belangrik dat die skool 'n verhouding het met die naaste polisiekantoor, sodat hulle weet wie om te skakel indien daar 'n veiligheidsrisiko is.

4. Skole moet kontak maak met die munisipaliteit se rampbestuur en op hoogte wees van hul gebeurlikheidsplanne wat bestaan. Hierdie plan bepaal kommunikasie met die brandweer en verkeersdepartement, wat belangrik is vir die beveiliging van toegangsroetes tot die skool.
5. Die skool moet 'n spesifieke persoon as kommunikasiebeampte aanwys wat alle kommunikasie na buite sal behartig tydens 'n noodsituasie. Hierdie persoon moet deur twee of drie persone op die perseel op hoogte gehou word van verwickelinge en sal ook as die amptelike bron van inligting aan ouers en die media dien.
6. Die skool moet so v&euml;r moontlik 'n sentrum van beheer opstel vanwaar kommunikasie geskied. Dit is noodsaaklik dat die skool ten minste oor 'n radiostelsel te beskik om kommunikasie tydens noodsituasies te vergemaklik.
7. Indien die skool nie reeds oor die dienste van 'n privaat sekuriteitsmaatskappy beskik nie, is dit raadsaam om bande te bou met 'n sekuriteitsfirma of minstens met die plaaslike buurtwag, sodat die skool iemand het om te skakel in 'n noodgeval. Die polisie is nie altyd so vinnig beskikbaar nie.
8. Die skool moet nie die rol van opgeleide en parate onderwysers en leerders as bron van inligting onderskat nie. Deur onderwysers te betrek by die noodplan, voel hulle bemagtig en neem hulle met groter selfvertroue leiding tydens 'n noodgeval. Baie van die ongemak en vrees wat onderwysers ervaar, spruit uit onsekerheid oor die hantering van 'n noodsituasie.
9. Betrek die plaaslike buurtwag deur hulle te vra om in die oggende en middag as ouers leerders aflaai en kom haal, die area te patroleer. Deur sigbaar te wees, verbeter die skool hulle veiligheid sonder om bykomende uitgawes aan te gaan.
10. Die skool moet slegs een punt van toegang h&euml; tydens skooltyd en 'n wag aanstel wat die toegang beheer . Die skool moet ook so v&euml;r moontlik geen persoon inlaat wat nie 'n afspraak het nie.
11. Lede van die buurtwag, of selfs vrywillige ouers van die skool/ lede van die gemeenskap kan help met skoolveiligheid deur besoekers van die hek na die kantoor te vergesel.